A 277/09

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(GAUTENG NOORD, PRETORIA)

DATUM : 25 ~~MAART 2009~~ 31/3/09

NOT REPORTABLE

| | | |
|---|---|---|
| **Landdros** | **:** | **BELFAST** |
| **Saak Nr.** | **:** | **M136/2008** |
| **Hooggeregshof Nr.** | **:** | **118 / 2009** |

**IN DIE SAAK TUSSEN**

**Die STAAT**

**teen**

**JAMES JIMMY TLAKA**

---

**HERSIENINGS UITSPRAAK**

R. D. CLAASSEN, R

In hierdie saak is die beskuldigde daarvan aangekla dat hy op of omtrent die 21ste September 2008 te Machadodorp, in die distrik van Belfast, by die woning van die klaer, mnr Lucas Malibe, ingebreek het en die volgende items wat aan die klaer behoort het of dat die klaer in regmatige besit van die items was, daar gesteel het, te wete - een wit verwarmer, drie Sony luidsprekers, een swart en gruis asblik, een wit afstandbeheerder, een Sony musieksentrum, ses bruin gordyne, vier wit gordyne, twee groen en wit gordyne, twee groen handdoeke en een elektriese ketel.

Die beskuldigde was onverteenwoordig en het onskuldig gepleit en die volgende pleitverduideliking gegee : "Ek kry van die eiendom by die klaer om te verkoop en ek het dit wel verkoop. Die probleem is ek kom nie terug met die geld nie."

Na verdere ondervraging het die hof toe, met die toestemming van die beskulkdigde, as formele erkening aanvaar en genotuleer dat die beskuldigde erken dat hy gedurende September 2008 in besit was van twee verwarmers, 'n musieksentrum met die luidsprekers en afstandbeheerder, 'n asblik en gordyne en dat die beskuldigde die items verkoop het, welke items die eiendom of in regmatige besit van die klaer was.

Nadat die Staat sy saak gesluit het het die beskuldigde geweier om self te getuig of enige getuies te roep en het die beskuldigde sy saak gesluit. Die beskuldigde is toe tereg skuldig bevind en gevonnis tot –

> *" Drie (03) jaar gevangenisstraf opgeskort vir 'n periode van vyf (5) jaar op voorwaarde dat die beskuldigde nie skuldigbevind word aan huisbraak met die opset om enige misdryf onbekend aan die Staat te pleeg of diefstal te pleeg of poging tot enige van die misdrywe te pleeg tydens die opskortingstermyn nie"*

Die beskuldigde is toe ook onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen vir 'n periode van tien (10) jaar te besit. By nadere ondersoek blyk dit dat die agbare landdros die beskuldigde in terme van die Wysigingswet op Beheer van Vuurwapens, 2006 (Wet No. 28 van 2006) onbevoeg verklaar het.

Toe hierdie problem op navraag aan die agbare landdros genoem is, het hy beaam dat dit nie korrek is nie aangesien die Wysigingswet op Beheer van Vuurwapens, 2006 (Wet No. 28 van 2006) nog nie ten tyde van die onbevoegverklaring in werking getree het nie (en steeds nie in werking getree het nie).

Die korrekte bevel in terme van die huidige Wet, die Wysigingswet op Beheer van Vuurwapens, Wet No. 43 van 2003, is eenvoudig dat die beskuldigde onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen te besit.

**Die volgende bevel word dus gemaak :**

1. **Die skuldigbevinding word bekragtig.**
2. **Die vonnis word bekragtig.**
3. **Die verklaring dat die beskuldigde onbevoeg verklaar word om 'n vuurwapen vir 'n periode van tien (10) jaar te besit, word tersyde gestel en vervang met die volgende – "Die beskuldigde word onbevoeg verklaar om 'n vuurwapen te besit".**

**R.D. CLAASSEN**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**

**EK STEM SAAM.**

**D.A. BASSON**
**REGTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF**